

### ***Kyk 'n bietjie deur my venster***

"Meneer, kyk 'n bietjie deur my venster" begin die lewensverhaal. En wat 'n hartseer verhaal! Toe tree begrip en bewoënhed by my in en ek wou nie sommer meer die mens 'afskryf' nie. Weer het ek die wysheid besef dat daar 'n dieper waarde is as gesigswaarde. Dit gebeur nogal dikwels dat jy mense en hulle dade moet beoordeel. Veral deesdae floreer die 'robot-virus' (bedelary by verkeersligte). Toenemend kom mense bakhand voor jou staan en tien sent vra vir brood. En dan gebeur dit soos met die man in die kroeg. Toe hy skuins oor sy skouer sy eerwaarde sien, sê hy spitsvondig: "Ag eerwaarde, ek vra die man 'n brood en kyk wat gee hy my: 'n brandy!" Daar is egter ook die egte gevalle - dié wat 38 jaar binne die bereik van die bewegende water lê, maar niemand het om hulle daarheen te bring nie (Joh .5).

Dit is 'n sensitiewe saak om te besluit óf en wanneer jy en hoe jy moet help. Wanneer is jy skuldig aan dit waarteen Jakobus waarsku om nie te sê nie: "*Gaan heen en word warm*" (2:16)? Dit is natuurlik makliker (maar ook bedriegliker) as iemand 'regverdig' of 'geloofwaardig' voorkom as wanneer hy verslons en verflenterd lyk. Daar is ook 'fatsoenlike' en welgeklede skelms. Die punt van belang is: moenie iemand op sy baadjie takseer nie. "*Julle wat glo in ons Here Jesus Christus, moet mense nie volgens hulle uiterlike beoordeel nie*" (Jak 2:1).

Om daar te wees vir 'n ander, moet 'n mens karakters kan omruil. Jy moet jou verplaas in die ander persoon se omstandighede en deur sy/haar venster kyk. Dit word empatie genoem. Dit kan wees dat in die stem van die bedelaar iemand kon wees wat eendag sal sê: "*Ek ken jou. Voorwaar. Ek sê vir jou, vir sover jy dit gedoen het aan een van die geringstes, het jy dit aan My gedoen.*"

Dr. P.W. Bingle (Kaapstad)